

9 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Esegïel 20:27-32
Fokusgedeelte: Esegïel 20:27, 30

Die Here is God, net Hy!

Die Here God herinner sy ontroue volk dat hulle voorvaders sy eer aangetas en Hom smaad aangedoen het, net soos wat hulleself dit ook doen. Hulle het Hom gelaster!

Dit beteken nie dat die volk Israel destyds ná die intog in Kanaän sy Naam ydellik gebruik het soos ons dit in ons tyd op TV en in films en in gesprekke hoor nie, maar dat hulle deur hulle afgodery Hom nie geëer het nie. Die Here het aan sy belofte getrou gebly deur hulle in die land in te lei, maar hulle was skandelik ontrou deur oral waar hulle met die heidennasies kontak gehad het ook vir hulle afgode offers te bring. Hulle het selfs sover gegaan om hulle kinders aan die afgode te offer!

Deur hulle afgodery het hulle God se verbond met sy volk geskend, want net Hy is God in die lewe van sy volk. Hy het Hom aan ons verbind en het getrou gebly selfs toe sy Seun vir ons aan die kruis die offer gebring het!

Enige vorm van afgodery is 'n miskenning van die heerlikheid van God aan Wie alleen al die eer toekom. Geloof in Hom beteken mos altyd dat ons vir Hom afgesonder is deur sy Gees en deur Jesus uit die slawediens aan stom afgode vrygekoop is. Ons het "anders" geword. Hy het ons nuut gemaak. Ons eer Hom alleen as God. Hy was getrou in ons lewe!

Maar vertrou ons regtig net op die God van die Woord, en gee ons werklik getrou aan Hom alleen alle eer? Is rykdom en eer en genot en ons eie idees nie ook maar soos afgode waarvoor ons tyd en geld en kragte offer nie, selfs soms die lewe van ons kinders offer omdat hulle dan nie die regte aandag kry nie?

Sing: Psalm 73:11, 12 (1936)

Ds. GNV Botha (Emeritus)